Helpmekaar Kollege NUUSBRIEF 15

5 September 2025

NETBAL

Met ongelooflike trots kan ons aankondig dat ons skool aangewys is as die **BESTE netbalskool in die land tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe**! Hierdie toekenning is nie net 'n eer nie, maar 'n bewys van die harde werk, toewyding en talent van ons netbaldogters en hul afrigters.

Drie van ons spanne het deurgedring na die SA's en het uitmuntend gevaar:

o.15's: SA-kampioene! Hierdie span het nie net die land se topposisie verower nie, maar is ook gekies om Suid-Afrika in Singapoer te verteenwoordig aan die einde van November. Hulle het Hoërskool Middelburg in die finaal met 14–11 geklop.

o.16's: silwermedaljewenners! Hulle het hul pad na die finaal gemaklik gestap en met 'n naelskraapse telling van 10–11 teen Affies verloor.

o.14's: silwermedaljewenners! Hierdie span het al hul wedstryde gewen en slegs in die finaal teen Menlopark met 12–15 verloor.

Wat hierdie prestasie nóg meer merkwaardig maak, is dat ons die enigste skool in die land is wat in drie van die vyf ouderdomsgroepe podiumplekke behaal het. Dít is waarom ons met reg as die beste netbalskool in Suid-Afrika aangewys is. Ons is ongelooflik trots op elke speler, afrigter en ondersteuner wat hierdie droom moontlik gemaak het. Julle is ware kampioene — op én van die baan af!

RUGBY

Ons rugbyspanne het in die Augustusvakansie besondere vasberadenheid getoon en ’n reuse indruk gemaak in die SDC Noordvaal.

Halfeindstryde – 23 Augustus
In die semi’s het ons spanne soos volg gevaar:

- o.14 A vs Garsfontein: 26–19
- o.15 A vs Noordheuwel: 14–15
- Eerste span vs Noordheuwel: 39–36

Finaal – 30 Augustus
Ons o.14 A-span durf Noordheuwel in die finaal aan en wys net weer dat die Bult groter is as enige heuwel. Die finale telling is 9-6. Ons is trots!

In ’n intense SDC Noordvaal-finaal het Helpmekaar se eerste span met 19-30 teen Garsfontein die knie gebuig, maar elke sekonde van die wedstryd met durf en trots gespeel.

Al was die telling nie in ons guns nie, was die gees, die vasberadenheid en die broederskap op die veld iets om te vier. Hierdie span het nie net vir ’n trofee gespeel nie – hulle het vir mekaar, vir hul skool en vir die BruinTrui gespeel.

In die liga-afdeling is ons tweede span en o.14 C-span as wenners gekroon.

Helpmekaar eindig algeheel tweede in die Noordvaal Beker-afdeling. Ons is ongelooflik trots op elke speler, afrigter en ondersteuner wat hierdie sukses moontlik gemaak het!

TENNIS

Ons junior span het op ATTA Buffelspoort met durf en vasberadenheid deelgeneem. Hulle het teen ander skole se eerste spanne gekompeteer en ’n uitstekende sewende plek behaal. Hierdie prestasie wys dat ons jong spelers alreeds op hoë vlak kan meeding. Die span se gees en spanwerk het hulle deur uitdagende wedstryde gedra.

Ons meisiespan het op Absolut Menlo ’n respekteerbare negende plek verower teen al die top skole in die land. Hulle verhoog hul aansien deur oorwinnings te behaal teen:

- Oranje Meisieskool (Oranje B)
- Paarl Gimnasium
- Duineveld Sekondêr
- Stellenbosch Hoër

Hierdie oorwinnings teen sterk spanne weerspieël hul harde werk en vasberadenheid. Die dogters se samehorigheid en positiewe ingesteldheid het die sleutel tot hul sukses gevorm.

Ons is ongelooflik trots op al ons spelers en hul afrigters vir hul toewyding en sportmangees.

By die Absolut Menlo-toernooi het ons seuns algeheel agtste uit 16 spanne geëindig. Hulle het met uitstekende tegniek en konsekwente goeie spel getoon dat hulle in die middelveld van die kompetisie hoort. Elke wedstryd was ’n geleentheid om te groei en hulle het hul ervaring benut om bekwame teenstanders te trotseer. Ons is trots op die manier waarop hulle hul deursettingsvermoë en fokus gehandhaaf het.

HOKKIE

Ons seuns- en meisieshokkiespanne het van 23 tot 25 Augustus by die Noordvaal-toernooi hul vaardighede ten toon gestel.

Seunshokkie

o.14 A: A-afdeling

- Vs Potchefstroom Gimnasium: 4–3
- Vs Hoërskool Middelburg: 0–1
- Vs Hoërskool Linden: 7–3
- Vs Hoërskool Ligbron: 3–2
- Vs Waterkloof Hoërskool: 1–4

Eindig tweede in A-afdeling

o.16 A: B-afdeling

- Vs Louis Trichard: 2–0
- Vs Kempton Park: 2–1
- Vs Hoërskool Monument: 2–1
- Vs Hoërskool DF Malan: 2–0
- Vs Louis Trichard: 3–2

Eindig eerste in B-afdeling

Eerste span: A-afdeling

- Vs Hoërskool Middelburg: 1–0
- Vs Hoërskool Pietersburg: 4–1
- Vs Potchefstroom Gimnasium: 1–2
- Vs HTS Witbank: 1–3
- Vs Hoërskool Rustenburg: 2–1

Eindig sewende in A-afdeling

Henno Steyn, **Juandré Verwey** en **Etienne Scott** het almal ’n reuse mylpaal behaal deur 100 keer vir die eerste seunshokkiespan uit te draf.

Meisieshokkie

o.14 A: A-afdeling

- Vs EG Jansen Hoërskool: 2–1
- Vs Hoërskool Monument: 6–0
- Vs Hoërskool Transvalia: 0–1
- Vs Hoërskool Nelspruit: 1–2
- Vs EG Jansen Hoërskool: 0–1

Eindig sesde in die A-afdeling

o.15 A: B-afdeling

- Vs Hoërskool Marais Viljoen: 0–1
- Vs Hoërskool Piet Retief: 0–4
- Vs Hoërskool Ben Viljoen: 2–2

Eindig dertiende in die B-afdeling

o.16A: A-afdeling

- Vs Kempton Park: 2–0
- Vs Noordheuwel: 1–0
- Vs EG Jansen Hoërskool: 2–0
- Vs Potchefstroom Gimnasium: 0–2
- Vs Hoërskool Eldoraigne: 1–0

Eindig derde in A-afdeling

Eerste span: A-afdeling

- Vs Hoërskool Middelburg: 0–0
- Vs EG Jansen Hoërskool: 0–0
- Vs Hoërskool Ermelo: 0–1
- Vs Hoërskool Pietersburg: 1–0
- Vs Hoërskool Middelburg: 0–1

Eindig sesde in A-afdeling

ROTSKLIM

Die Helpies het skoonskip gemaak by die Gauteng-kampioenskappe toe **Roux Wentzel (gr. 9)**, **Zander Laubscher (gr. 8)** en **Tiaan Goosen (gr. 9)** al drie ‘n podiumplek in die *speed climbing*-afdeling beklee het.

BOOGSKIET

Baie geluk aan die volgende leerders wat provinsiale kleure verwerf het:

Danielle van der Veer

Bella Jacobsz

Amber Dell

Johnty van Niekerk

Jaden Lightbody

GHOLF

Ons gholfseisoen skop amptelik af met uitdunne wat begin op Maandag en voortgaan elke Maandag en Donderdag by die Wanderers Gholfklub. Leerders sal per bus by die gholfbaan afgelaai word. Indien daar ’n behoefte is, kan ons ook ’n bus reël om leerders ná afloop van die sessie terug skool toe te vervoer. Alternatiewelik moet ouers hul kinders self by die baan kom oplaai. Die sessies eindig tussen 17:30 en 18:00.

Almal is welkom! Selfs al wil jy net vir die lekker kom speel — kom sluit aan! Seuns én meisies is welkom om deel te neem.

Om die logistieke reëlings makliker te maak, kan u die QR-kode skandeer. Leerders én ouers word aangemoedig om deel van dié groep te wees, aangesien belangrike inligting daar gedeel word.

Ons het vanjaar vyf spanne, en elke leerder moet twee “scorecards” indien om oorweeg te word vir spanplasing. Maak dus seker jy neem deel aan die uitdunne!

GHOLF

📅 Ligawedstryde vir die termyn:

- 8 September
- 15 September
- 27 Oktober

Ons sien uit daarna om ’n sterk en entoesiastiese gholfgemeenskap vanjaar te bou. Kom wys wat jy kan doen — of kom geniet dit net saam met ons op die baan!

SWEM

Helpmekaar-swemmers skitter tydens Augustusgalas

Verskeie galas het gedurende die Augustusvakansie plaasgevind en ons Helpies was voor in die ry om in te skakel!

Conrad van der Walt (gr. 8), **Conrad Jansen van Vuuren (gr. 8)** en **Leander Viljoen (gr. 9)** het aan verskeie galas deelgeneem, insluitend die EGA - winterkampioenskappe. Conrad Jansen van Vuuren het sewe podiumplekke behaal.

Conrad van der Walt

Conrad Jansen van Vuuren

Leander Viljoen

Tian de Beer (gr. 8) is verkies tot die Suid-Afrikaanse span wat van 3-7 September in Eswatini by die *Africa Aquatics Zone IV*-kampioenskappe gaan deelneem.

Stephan Engelbrecht (gr. 11) het gekwalifiseer vir die 2025 Junior Wêreldswemkampioenskappe en is gekies vir die Suid-Afrikaanse span wat van 19–24 Augustus in Otopeni, Roemenië, meeding. Hy het in die 800 m en 1500 m vryslag in die top 20 geëindig en was deel van die 4×200 m vryslagaflosspan wat 11de geëindig het.

Ciara Kroef (gr. 8) het Saterdag aan Biathle (hardloop/swem) en Triathle (hardloop/skiet/swem) deelgeneem. Sy het brons behaal in albei wedlope en kwalifiseer vir die Suid-Afrikaanse Biathle-kampioenskappe.

Ruan Voogt (gr. 9) het aan die EGA Wintergala deelgeneem en in al sy items in die top 20 geëindig.

LANDLOOP

Helpmekaar se lopers op dreef

Ons is ongelooflik trots op ons landloopspanne wat in Augustus skitterende vertonings gelewer het. Van Noordvaal tot Gauteng-kampioenskappe en die SA-kwalifiseringswedrenne, ons atlete het elke uitdaging met vasberadenheid aangepak.

CGA Gauteng Kampioenskappe – 16 Augustus
By die Gauteng-kampioenskappe het 22 atlete namens Helpmekaar deelgeneem. Hulle het teen die bestes in die provinsie gewed en onmiskenbare deursettingsvermoë getoon.

Ons is trots om aan te kondig dat die volgende atlete aan die SA-kampioenskappe gaan deelneem:

Ethan Botha

Zian Grobler

Ruben Kleinsmith

Milan Botha

Suné-Louise Prinsloo

Micaela Roome

Mbali Kamele

Megan Roome

Chemené Mentz

Morgan Harmse

Saskia Heydenrych

Baie geluk aan elkeen – julle passie en toewyding dra vrug!

Noordvaal Landloop – 23 Augustus by Hoërskool Zwartkop

- Junior dogters eindig vierde
- Junior seuns eindig vyfde
- Senior dogters eindig sewende
- Senior seuns eindig dertiende

Skole-landloop D11 – 21 Augustus by Rietvlei

Op die uitdagende Rietvlei-roete het ons lopers puik gevaar:

- Mbali Kamele – eerste
- Joshua Jowa – eerste
- Tenishke Greyvenstein – eerste
- Anjunette Wilken – sewende

VERLORE GOEDERE

Woensdag, 10 September tot Donderdag, 11 September sal alle verlore goedere daagliks in die forumsaal uitgepak word. Leerders sal tydens pouses en ná skool kan gaan kyk of daar enige van hul verlore goedere is.

Alle goedere wat nie teen Donderdagmiddag geneem is nie, sal aan ’n liefdadigheidsorganisasie geskenk word.

RUITERSPORT

Christaan Prinsloo

Leandi Steyn

Helena Venter

Amoray Oosthuizen

Minke Viljoen

Liam Venter

Liya Jordaan

Klara van der Linde

Leané du Plessis

Die bogenoemde leerders is deur hulle uitnemende prestasies verkies is tot die Gautengspan. Hulle gaan van 7–12 Oktober teen ander provinsies meeding.

Om nog meer van ons jong talent bloot te stel aan ’n groot kompetisie, sal die volgende ruiters as nuwelinge deelneem sonder om amptelik in die span te wees. Hierdie kans sal hulle voorberei vir toekomstige spankeuses.

Kaela de Wet

Amone Smit

SKAAK

Op 16 Augustus het ons Helpies skoonskip gemaak by die Top Schools-distriksuitdunne. Met oorwinnings in al die wedstryde het die span hul plek by die Gauteng Top Schools siklus verseker.

Gauteng Top Schools: Derde plek
In die Gauteng Top Schools-toernooi het ons ‘n indrukwekkende derde plek behaal. Die span, bestaande uit Edward Potgieter, Evan Horn, Kayla Butler, Wian Britz, Chris Botha en Freddy Rademeyer, het hul taktiese insig en span-samehorigheid ten toon gestel.

Die oorwinnings teen Dr At Moroesele Secondary School en Germiston is besonder noemens-waardig, en die gelykop wedstryde teen Crawford Sandton en Sikhululekile wys hoe stram die kompetisie was.

Ons is ongelooflik trots op elke lid van die skaakspan en hul afrigter vir hul toewyding. Julle strateëgieë en spanwerk dra skoolgees in elke skuif.

Wen Wetenskap & Wiskunde

Win Science & Maths.

Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap Pakkette:

- Nifty Notas.
- Flashy Flitskaarte.
- Eksamen Vraestelle met Memo's.

Graad 8 tot Graad 12 Wiskunde Pakkette:

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

Grade 10 to Grade 12 Science Combos:

- Snazzy Summaries.
- Tricky Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

Grade 8 to Grade 12 Math Combos:

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries

PLEASE VISIT

HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA FOR MORE INFO

HELENA - 0845103373

HV.VERWEY@GMAIL.COM

SKYFSKIET

Die Helpmekaar-skuts het hierdie afgelope naweek uitstekende prestasies gelewer tydens die GSSU Liga 4 en 5 by Hoërskool Florida. Ons skuts het hul vaardighede in beide die presisie- en sporter-afdelings ten toon gestel en met trots maak ons hul uitslae bekend.

- Emma Borman het in die o.21 presisie-afdeling vir beide Liga 4 en Liga 5 ‘n puik tweede plek behaal.
- Alicia Foster het in die o.16 pistool-afdeling in beide ligas ‘n indrukwekkende derde plek verwerf.
- Durand Botha het uitstekend gevaar en in die o.14 sporter-afdeling die goue eerste plek behaal.

Die SA-span vir die SANSSU SA-kampioenskappe later in Oktober is ook hierdie naweek aangekondig. Vier van ons Helpies het ’n plek in die span verower en sal ons skool op nasionale vlak verteenwoordig:

Emma Bornman

Alicia Foster

Durand Botha

Amelia de Klerk

Belangrike sake

Termyntoetse begin op **Dinsdag, 9 September**.

Graad 9 + 10 (2026) se **vakkeusevorms** moet teen **Vrydag, 5 September** voltooi wees.
(alle informasie is op Nuusflitsgroepe gestuur)

Die nodige inligting met betrekking tot **handboekbestellings vir 2026** sal volgende week aan u gestuur word.

Graadtoere ná die Novembereksamen is **verpligtend vir alle leerders** - dit is steeds deel van die skooljaar. Enige gesprekke in hierdie verband moet persoonlik met mnr. Marais gevoer word.

NOODHULP VLAK 2 en 3-KURSUS
(gekombineer met spesiale vergunning) 2025

Ek is opgewonde om die volgende inligting rakende die noodhulp vlak 2 en 3-kursus vir vanjaar te deel!

Datum: Saterdag, 27 EN Sondag, 28 Sept (BEIDE DAE)
Tyd: 08:00 tot ongeveer 15:00
Plek: Helpmekaar Kollege – detail volg
Koste: R850
Bring saam:

- pen
- middagete
- iets om te drink

Bespreek jou plek so gou as moontlik sodat ons die nodige reëlings kan tref.

Ek benodig jou bewys van betaling (sien betalings-besonderhede hieronder). Stuur dit asseblief aan *lenke.kruis@helpmekaar.co.za*.

Betalingsbesonderhede:
Betaal asseblief R850 in die skool se rekening.

Helpmekaar Kollege
ABSA 632005
Rekening nommer 406 683 1879
Verwysing: Kind se naam en van + Noodhulp

Ek sien uit om jou daar te sien!

Helpie-groete
Juffrou Lenke Kruis

JUKSKEI

Op 9 Augustus het Helpmekaar vol selfvertroue deelgeneem aan die Sentraal Gauteng-dubbels, en ons spanne het gewys dat hulle nie net deelneem nie — hulle kompeteer om te wen! Met 14 spanne wat ingeskryf is, het ses van hierdie spanne medaljes verower, wat ’n merkwaardige prestasie is.

Medalje-uitslae:

- o.19-seuns – Goud
- o.19-meisies – Silwer
- o.16-meisies – Silwer
- o.16 seuns – Brons, Silwer én Goud!

Hierdie uitslae getuig van die diepte van talent en toewyding onder ons Jukskei-spelers. Maar die glorie het nie daar geëindig nie…

Op 30 Augustus het die Gauteng Jukskei-toekenningsfunksie plaasgevind, waar verskeie Helpies individuele toekennings ontvang het vir hul uitstaande spel en sportmangees. Die hoogtepunt van die aand? **Helpmekaar is aangewys as "Hoërskool van die Jaar"** — 'n eer wat ons met trots en dankbaarheid aanvaar.

Ons is ongelooflik trots op elke speler, afrigter en ondersteuner wat hierdie sukses moontlik gemaak het. Julle is ware ambassadeurs van ons skool se waardes en gees.

BUITESPORT

Domnique Nel (gr. 9) het op 9 Augustus 2025 by *Show Your Talent* vier goue toekennings vir haar vier solo's ontvang, sowel as drie *Golden Buzzers*. Haar uitnemende vertoning het haar laat uitblink as een van die kunstenaars vir die glansryke *showcase* op 16 Augustus.

Saam met haar Grand Prix-dansspan het Domnique deur honderde inskrywings uitgestaan: hul dans is as een van die Top 10 danse van die week (9–15 Augustus) gekies — 'n besondere prestasie.

By die *Dynasty Dance Festival* op 13 Augustus het Domnique se duet *Dolly Drop* die top dansprys verower, met 'n Platinum Plus-toekenning. Hulle is ook vereer met 'n spesiale toekenning vir hul duet. Verder het haar *hiphop*-span, Prime Supreme, 'n spesiale prys ontvang vir "best musicality, energy & choreography."

As kroon op al die suksesse is Domnique gekies om Suid-Afrika in Julie 2026 in die Verenigde State te verteenwoordig.

BUITESPORT

Liam Page (gr. 8) het in Julie aan die SA Judo-toernooi deelgeneem en die volgende prestasies in sy ourderdom- en gewigsgroep behaal.

SA Judo-kampioenskappe
Eerste plek (Goud): KATA
Tweede plek (Silwer): Individueel
Derde plek (Brons): Spanverband

Met hierdie uitslae vewerf hy ook sy Judo SA-kleure.

Danni Carr (gr. 11) het haar Gauteng provinsiale kleure vir dans ontvang. Sy is ook gekeur, en uitgenooi deur die *International Dance Organization*, om Suid-Afrika vanaf 26 November tot 4 Desember in België te verteenwoordig.

BUITESPORT

Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat twee van ons skoolleerders, Scarlett en Sienna Schutte, ná hul internasionale dansdeelname onlangs landswye oudisies bygewoon het en gekies is om deel te wees van die splinternuwe produksie van The Nutcracker deur Cape Ballet Africa.

Repetisies begin reeds in September en die ballerinas sal oor die 2025-Kersseisoen van 4 Desember af vertonings gee by Teatro, Monte Casino.

Van die ikoniese “Dance of the Sugar Plum Fairy” tot die lewendige “Waltz of the Flowers”, beloof elke oomblik ’n visuele fees, komplementeer deur pragtige kostuums en betowerende musiek.

Hierdie geleentheid bied Scarlett en Sienna ’n kans om hul talent op ’n nasionale verhoog te demonstreer.

Kaartjies word reeds verkoop via Webtickets.

TIENERTONEEL OUDISIES 2026

27 OKT 2025 - HELPIES

13:30 - 15:00 | AULA

28 OKT 2025 - WELPIES

14:00 - 15:00 | AULA

???

KEN EIE MONOLOOG 1MIN

SING/DANS/VERSKUILDE TALENT

NAVRAE: MNR EGHARD

DEBAT

Ons debatteerders het op 4 Augustus hul stemme behoorlik dik gemaak tydens die ATKV-landsfinaal en Helpmekaar se naam met trots hoog gehou. Die kompetisie het nuwe uitdagings gebied, maar ons spanne het met selfvertroue en oortuiging argumente afgestof en verdedig.

Seniors

- Thea Kotzé en Emile du Toit (gr. 12): sesde algeheel.

Juniors

- Katie Doyer (gr. 9), Mila Kapp (gr. 9) en Kristian van Gaalen (gr. 9): vyfde algeheel.

- Hade-Mari van Graan (gr. 9), Neil Robinson (gr. 9) en Elle Miller (gr. 8): negende algeheel.

Elke deelnemer het met ywer voorberei, naweke spandeer aan navorsing en oefendebatte, en hul vaardigheid om vinnig en skerp te dink is werklik beloon.

REDENAARS

Ons is trots om aan te kondig dat twee van ons leerders gekies is om aan die landsfinaal van die Radikale Redenaars-kompetisie deel te neem.

- **Kiley Kukard** – Voorbereide redenaars
- **Déan Conradie** – Voorlesing van Afrikaanse en Engelse prosa

Die groot finale vind plaas op Vrydag, 18 Oktober by Laerskool Concordia.

Baie geluk aan Kiley en Déan – mag julle woorde skitter en diep by die gehoor aanklank vind.

Kiley Kukard

Déan Conradie

Aktiveer en gebruik jou Snoepie-QR-kode

Ons is saam met AllxsMedia besig om veilige QR-betalings by die snoepie aan te bied.

Volg asseblief hierdie stappe om seker te maak jy kan jou unieke QR-kode vlot gebruik:

- Stuur ’n e-pos aan ***shenley@allxsmedia.com*** met:
  - Jou volledige naam
  - Jou klas/grade
  - Jou Snoepie-kaartnommer (indien beskikbaar)
- Jy ontvang binne 1–2 dae ’n e-pos terug van AllxsMedia met jou persoonlike login & wagwoord.
- Laai die Allxs-app op jou slimfoon of tablet af (Android of iOS).
- Meld aan met die login-besonderhede wat jy ontvang het. Jou unieke QR-kode sal nou in die app getoon word en outomaties gekoppel word aan jou Snoepie-kaart.
- Gebruik hierdie QR-kode by die Snoepie-kassa om inkopies af te teken en te betaal—geen kontant meer nodig nie.

Stuur e-pos sommer nou



Verlore snoepiekaart?

As jy jou Snoepie-kaart verloor het, kan jy nou self ’n vervangingskaart bestel deur die onderstaande skakel te gebruik. Deur die vorm in te dien, stem jy in dat R40 per kaart van jou rekening afgehaal word.

Bestel jou vervangingskaart hier.